**MEDIA RELEASE**
**BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)**

**12 July 2010**

**CDP spreek ontevredenheid oor Marokko se uitsetting van Christene**
Die Christen-Demokratiese Party (CDP) het 'n beroep op die Suid-Afrikaanse regering gedoen om beswaar te maak teen Marokko se uitsetting van Christene.

"Hoewel Marokko formeel godsdiensvryheid aan Christene en Jode bied, word aangevoer dat die Christene wat die land uitgesit word, probeer het om Moslems te bekeer. Dit druis teen Marokko se eie beginsels van godsdiensvryheid in," sê ds. Theunis Botha, leier van die CDP en waarnemende voorsitter van die Christen-Demokratiese Alliansie.

"Uit verskeie bronne blyk dit egter dat Marokko wél minstens subtiele druk uitoefen om die wêreld vir Christene moeilik te maak. Minstens twee lande, Spanje en Nederland, het reeds oor die uitsetting van Christene beswaar gemaak en uitgewys dat Marokko sy eie internasionale verbintenisse tot godsdiensvryheid skend."

**CDP upset by Morocco's expulsion of Christians**
The Christian Democratic Party (CDP) called on the South African government to object to Morocco's expulsion of Christians.

"Although Morocco formally affords religious freedom to Christians and Jews, the Moroccan government claims that the Christians expelled were guilty of proselytism. This flies in the face of Morocco's own commitment to religious freedom," says CDP leader, Theunis Botha, who is also acting chair of the Christian Democratic Alliance.

"It is clear from a number of sources that Morocco is indeed, subtly exerting pressure against Christians. At least two countries, Spain and the Netherlands, have officially protested against the expulsion of Christians and Morocco's contravention of its own commitment to religious freedom."